# VOLLEDIGE VERSLAG

**Voorberei vir:** Orpha Cilliers | cillijo@unisa.ac.za
**Reeds voltooi:** Saterdag, April 12, 2025
**Geboortedatum:** Maandag, Februarie 23, 1970
**Stad:** Pretoria
**Konsultant:** Susan Lotz | susan@sol-tech.co.za

DIE DOEL VAN HIERDIE INSTRUMENT IS SELFONTDEKKING. DIS ONTWERP OM MENSE TE HELP OM DIE NATUURLIKE STERK PUNTE IN HULLE PERSOONLIKHEID TE ONTDEK, ASOOK HULLE MOONTLIKE BEROEPSBELANGSTELLINGS, VERMOËNS EN WAARDES. DIE CAREER DIRECT-TOETS BEHOORT NIE GEBRUIK TE WORD OM SIELKUNDIGE, GEESTESGESONDHEIDS- EN/OF MEDIESE PROBLEME TE IDENTIFISEER, DIAGNOSEER OF BEHANDEL NIE. DIE GEBRUIKER AANVAAR ALLEENVERANTWOORDELIKHEID VIR ALLE OPTREDE OF BESLUITE WAT GENEEM WORD AS GEVOLG VAN DIE GEBRUIK VAN HIERDIE SELFONTDEKKINGS-HULPMIDDEL. MET DIE GEBRUIK VAN DIE CAREER DIRECT-AANLYNTOETS GEE DIE GEBRUIKER UITDRUKLIK DIE REG OP EN DOEN HY/SY AFSTAND VAN ENIGE EN ALLE EISE VAN ENIGE AARD WAT UIT DIE GEBRUIK VAN HIERDIE TOETS VOORTSPRUIT OF DAARMEE VERBAND HOU, TEEN CROWN FINANCIAL MINISTRIES, ENIGE GEAFFILIEERDE MAATSKAPPYE OF SKOLE EN/OF HULLE WERKGEWERS.

Crown Financial Ministries, Inc. Career Direct® Online is deur Crown Financial Ministries ontwikkel, Inc. Career Direct Complete Guidance System is 'n handelsmerk en Career Direct, die Crown logo, Crown Financial Ministries en die Crown ontwerp is geregistreerde handelsmerke van Crown Financial Ministries, Inc. Alle ander handelsmerke is die eiendom van hul onderskeie eienaars.

# Inhoudsopgawe

Deel 1 Persoonlikheid

Die konsep van persoonlikheid

1.1 Ses persoonlikheidsfaktore
1.2 Persoonlikheidshoogtepunte
1.3 Tipiese sterk punte
1.4 Tipiese uitdagings
1.5 Kritieke lewensfaktore

Deel 2 Algemene Belangstellings

Vyf hoof algemene belangstellingsareas

2.1 Agt hoogste loopbaangroepe
2.2 Gekombineerde uitslae
2.3 Moontlike beroepe in jou hoogste loopbaangroepe

Deel 3 Vaardighede en vermoëns

Vaardighede is 'n sleutelmaatstaf in die kies van 'n loopbaan

3.1 Vier hoogste areas
3.2 Evalueer jou vaardighede

Deel 4 Waardes

Waardes is belangrik in loopbaanbesluite

4.1 Werksomgewing
4.2 Werksuitkomste
4.3 Lewenswaardes
4.4 Gevolgtrekking

Opsomming

Opsommingsgrafieke

Persoonlikheid, Belangstellings, Vaardighede en Waardes

Deel 5 Career Direct – Volgende Stappe

Career Direct – Volgende Stappe

# Gebruik hierdie verslag vir

# Loopbaanbeplannning




Orpha, die onderliggende beginsel vir die gebruik van hierdie verslag is dat persone wie se werk met hulle persoonlikhede, belangstellings, vaardighede en waardes ooreenstem, gewoonlik hulle werk geniet en daarin sukses behaal. Die terugvoer wat jy oor die vier onderstaande areas ontvang, sal dus waardevolle inligting vir jou loopbaanbeplanning verskaf. Al hierdie areas moet in ag geneem word voor jy jou loopbaanbesluite neem.

Jou uitslae sal nie een spesifieke beroep uitwys nie maar eerder sleutelinligting gee wat jou sal help om jou unieke samestelling en die werk wat goed by jou sal pas, te verstaan. Hierdie algemene benadering is baie beter omdat daar gewoonlik verskeie soortgelyke beroepe is wat by ‘n persoon se belangstellings en talente pas. As jy die ***Career Direct® Volgende Stappe*** van die voorligtingstelsel gebruik, sal jy jou opsies tot by ‘n goeie keuse vir ‘n loopbaanveld kan verfyn. Dit sluit die Volgende Stappe-afdeling (Afdeling 5) in, en in besonder die Werksdetailskakels (O*Net) en Aksieplan. Kies wat vir jou toepaslik is. Die proses waartydens jy jou talente en belangstellings gebruik om loopbaanbesluite te maak, sal jou nou en ook in jou toekomstige loopbaanbestuur baie help.

## HAAL DIE MEESTE UIT JOU VERSLAG

Hierdie verslag bevat baie inligting; lees dit dus meer as een keer noukeurig deur. Jy kan daarby baat om iemand soos ‘n vriend, huweliksmaat of mentor te vra om saam met jou na die verslag te kyk. Dit help gewoonlik as dit iemand is wat jou goed ken en wie se persoonlikheidstipe van joune verskil, aangesien die persoon dinge kan uitwys wat jy nie raaklees nie. As jy besluit om ‘n loopbaankonsultant te raadpleeg vir meer spesifieke hulp met jou loopbaanbeplanning, sal hierdie verslag veral nuttig wees om insig in jou unieke loopbaanmoontlikhede te gee. Soos vroeër genoem, die belangrikste stap wat jy kan neem om die beste uit jou verslag te haal, is die voltooiing van die ***Aksieplan*** in jou ***CAREER DIRECT LOOPBAANVOORLIGTINGSTELSEL*** .

# SAMESTELLING VAN DIE VERSLAG


Die verslag bestaan uit vier hoofareas: Persoonlikheid, Algemene Belangstellings, Vaardighede en Waardes. Elke area verskaf sleutelinsigte in jou unieke samestelling. Definisies van al die groepe in die verslag kom in die Job Sampler voor wat deel uitmaak van jou CAREER DIRECT LOOPBAANVOORLIGTINGSTELSEL.

1. **Persoonlikheid**. Die verslag begin met die persoonlikheidsafdeling waar jy 'n ontleding van ses persoonlikheidsfaktore onder Persoonlikheidshoogtepunte sal vind, jou tipiese sterk punte en uitdagings, sowel as jou loopbaanomgewing gebaseer op jou unieke persoonlikheidsprofiel.
2. **Algemene Belangstellings**. In hierdie afdeling sal jy 'n ranglys van jou belangstellings in 21 Algemene Belangstellingsgroepe sien, asook beskrywings van jou hoogste loopbaangroepe. Hierdie breë loopbaangroepe is afgelei uit die loopbaanbelangstellings-afdeling in die toets. Jou tellings weerspieël jou belangstellingsvlakke in elk van die 21 loopbaangroepe. Daar is ook 'n grafiek met die lys komponente waaruit jou agt hoogste belangstellings bestaan: die aktiwiteite-, beroepe- en vakgroepe.
3. **Vaardighede en vermoëns**. Hier sal jy 'n ranglys sien van jou vaardighede in 14 areas, asook beskrywings van jou sterkste vaardighede en vermoëns.
4. **Waardes**. Hierdie afdeling bestaan uit drie dele: Werksomgewing, Werksverwagtings en Lewenswaardes. Jou vier hoogste prioriteite in elke area sal uitgelig word.

## Hoe om die skale en uitslae te verstaan


Die skale in al die afdelings is op gestandaardiseerde uitslae gebaseer wat afgelei is van die terugvoer van 'n groot groep mense wat suksesvol is in hulle onderskeie beroepe. Die skale maak dit vir jou moontlik om jou uitslae visueel met die uitslae van ander mense soos jy te vergelyk, en maak dit ook maklik om tendense te identifiseer. Hieronder is 'n voorbeeld van so 'n skaal.

**VOORBEELD**




Die staafgrafiekvoorbeeld hierbo wys verskillende reikwydtes van persoonlikheid. Die reeks standaardtellings op die grafiek strek van +30 (links) tot 0 (mid) tot +30 (regs) (60-punt reikwydte) en die gemiddelde telling is 0 (midreikwydte). Vir elke faktor sal ongeveer eenderde van die bevolking se tellings aan die regterkant wees (+6 tot +30), eenderde se tellings sal in die middel val (+5 links tot 0 tot +5 regs), en eenderde aan die linkerkant (+6 tot +30). Hieronder is 'n voorbeeld van die skale en tellings wat gebruik word in die Belangstellings- en Vaardighede en Vermoëns-afdelings.

**VOORBEELD**




Die voorbeeldgrafiek hierbo wys lae belangstelling (links), matige belangstelling (mid) en hoē belangstelling (regs). In die spesifieke voorbeeld is die belangstelling in Dieresorg as aktiwiteit hoog. Hierdie tellings is nie 'n aanduiding van prestasie, met ander woorde "goeie" of "swak" uitslae nie. Hulle verteenwoordig jou relatiewe posisie, gebaseer op jou terugvoer, teenoor ander persone in die volwasse- of jeugkategorieë.

# Die konsep van persoonlikheid


Orpha, in hierdie afdeling word die term "persoonlikheid" gebruik om die manier te beskryf waarop 'n persoon van nature optree. Sommige mense is byvoorbeeld van nature gemotiveer om georganiseerd en presies te wees, terwyl ander meer spontaan en ontspanne is. Net so hou sommige mense van risiko en gevaar, terwyl ander van nature versigtiger is.

Ondervinding en waarneming bevestig dat een persoonlikheidstyl nie beter as 'n ander is nie. Alle style is geldig en nodig in die samelewing en werksplek. Almal het sterk punte en uitdagings.

Dis baie belangrik dat jy jou persoonlikheid in ag neem wanneer jy loopbaanbesluite neem. Die doel is om beroepe te identifiseer wat by jou natuurlike geneigdhede, belangstellings, vaardighede en waardes pas. Net soos afrigters spelers nodig het wat verskil in grootte en spoed sodat hulle in verskillende posisies kan speel, het werkgewers 'n verskeidenheid persoonlikheidstyle nodig om suksesvolle spanne saam te stel.

## 1.1 Ses persoonlikheidsfaktore

Hierdie oorsig dek ses belangrike faktore van jou unieke persoonlikheid:




Weer eens: wat persoonlikheid aanbetref, is een nie beter as 'n ander nie (bv. ekstrovert of introvert). 'n Mens moet die sterk punte gebruik wat deel vorm van jou unieke persoonlikheid.

Hierdie faktore is deur breedvoerige navorsing afgelei en stem ooreen met ander gevestigde metings van normale persoonlikheidseienskappe.

Elke faktor word met 'n reeks gedragspatrone verbind. Persone wat hoog toets in ekstroversie sal byvoorbeeld van nature anders reageer wanneer hulle vreemdelinge ontmoet as diegene wat meer in die rigting van introversie toets. Die persone wat in die middel toets, sal tipies 'n mengsel van verskillende gedragswyses toon. Terwyl jy hierdie afdeling lees, moet jy in gedagte hou dat alle punte op die skaal sterktes sowel as uitdagings het.

### BEVESTIG JOU PERSOONLIKHEIDSTERUGVOER


Hierdie gedeelte van jou verslag is, soos die res daarvan, ontwikkel uit die antwoorde wat jy gegee het en weerspieël profiele van persone met uitslae soortgelyk aan joune. Die verslae is gewoonlik redelik akkuraat maar dit beteken nie dat alle gevolgtrekkings op jou van toepassing nie. Jy sal dus die inligting wat in jou verslag staan, moet bevestig. Evalueer die verslag in die lig van hoe jy jouself ken, en vra iemand anders om ook jou terugvoer te evalueer. Fokus op daardie gedeeltes wat jou akkuraat beskryf.

## 1.2 JOU PERSOONLIKHEIDSFAKTORE EN SUBFAKTORE

Orpha, jou ses persoonlikheidsfaktore verskyn van die hoogste na die laagste faktor op die volgende drie bladsye.

### 1. Gestruktureerd

akkuraat, georganiseerd en voorbereid; volg van nature die reëls omdat jy van struktuur en voorspelbaarheid hou




### Loopbaanimplikasies

Met jou hoë telling op die **ONGESTRUKTUREERD/GESTRUKTUREERD** faktor sal jy wil seker maak dat jy aansluit by organisasies wat 'n kwaliteit produk aanbied en dienste voorsien wat prakties en eties van aard is. Ten einde jou sterktes in jou werk te gebruik, oorweeg posisies wat die volgende vereis:

- ✔ **Goedgeorganiseerdheid**
- ✔ **Ordelikheid**
- ✔ **Gedetailleerdheid**
- ✔ **Produktiwiteit**
- ✔ **Presisie**
- ✔ **'n Sistematiese benadering**

Jou telling op die ONGESTRUKTUREERD/GESTRUKTUREERD skaal dui daarop dat dit vir jou baie belangrik is om akkuraat, georganiseerd en produktief te wees. Jy het sterk dryfkrag om noukeurig te wees; jy wil dus van nature die kwaliteit van jou werk beheer deur hoë standaarde te handhaaf. Jou agting vir integriteit is verwant aan jou behoefte aan struktuur en is 'n baie sterk punt. Dis vir jou baie belangrik om te doen wat reg en regverdig is en wat gevestigde prosedures ondersteun.

Orpha, met jou hoë graad van dissipline vind jy dit maklik om die reëls te volg. Dis moontlik dat jy gestruktureerde omgewings verkies omdat hulle voorspelbaar en konsekwent is.


Jy is vasbeslote om alles uitstekend te doen. Jy benader al jou take ernstig en fokus daarop om logiese, praktiese oplossings te vind. Jou gesin en werkgewer sal by jou behoefte baat om ekonomies te werk te gaan.

Persone wat baie gestruktureerd is, is geneig om perfeksionisties te wees; onthou dus dat alles nie perfek gedoen hoef te word nie.

Jy vind moontlik soms dat jy uitstel om besluite te neem omdat jy bang is dis dalk verkeerd. Jy kan dalk ook uitstel omdat jy wag vir die perfekte geleentheid. Werk daaraan om meer aanpasbaar te wees, omdat dit soms nodig is om iets te begin doen voor al die besonderhede bekend is.

### 2. Medelyend

medelydend, sensitief en 'n goeie luisteraar; geduldig, lojaal en goed daarmee om ander te ondersteun en te bemoedig




### Loopbaanimplikasies

Met jou telling op die **ONBETROKKE/MEDELYDEND** faktor, kyk na beroepe wat jou in staat sal stel om mense in 'n vriendelike omgewing te ondersteun. Probeer wegbly van beroepe wat vereis dat jy mense moet konfronteer of waar jy gereeld met griewe en verwerping moet werk. In jou ideale werksomgewing, kyk na beroepe wat die volgende insluit:

- ✔ **Goedhartigheid**
- ✔ **Verdraagsaamheid**
- ✔ **'n Hoë vlak van vertroue**
- ✔ **Bestendigheid**
- ✔ **Harmonie**
- ✔ **Die geleentheid om ander te help**


Jou telling op die ONBETROKKE/MEDELYE skaal dui daarop dat jy 'n persoon is met deernis en begrip. Jou sensitiwiteit maak dit vir jou moontlik om ander se seer en swaarkry aan te voel. Jou vermoë om geduldig te luister sonder om te oordeel bring mee dat jy 'n diepgaande invloed op ander het, veral in een-tot-een situasies.

Omdat mense sien dat jy regtig omgee, wil hulle van nature hulle gevoelens met jou deel. In sulke tye sal jy dit maklik vind om hulle te bemoedig en raad te gee.

Jou aangename persoonlikheid maak dit vir jou maklik om in byna enige situasie aan te pas, solank daar harmonie is. Konflik kan vir jou stresvol wees; jy sal dus enige organisie en span wat jy oorweeg goed moet deurkyk voor jy daar aansluit.

## 3. Innoverend

baie kreatief; hou daarvan om nuwe idees uit te dink en daaraan uitdrukking te gee; soek intellektuele uitdagings




### Loopbaanimplikasies

Gebaseer op jou telling op die **KONVENSIONEEL/INNOVEREND** faktor, kyk na geleenthede in jou werk vir:

- **Die vryheid om kreatief te wees**
- **Intellektuele uitdagings**
- **Probleemoplossing**
- **Tyd om te dink**
- **Abstrakte denke**
- **Artistieke uitdrukking**


Orpha, jou telling op die KONVENSIONEEL/INNOVEREND skaal dui daarop dat jy 'n baie kreatiewe persoon is. Jy is uitstekend daarmee om met nuwe idees en oplossings vorendag te kom, al klink hulle dalk vir ander mense 'n bietjie vreemd. Jy betrap jouself dalk dat jy dagdroom of 'n idee speel-speel vanuit verskillende hoeke benader. Jy kan op verskillende maniere aan jou kreatiwiteit uitdrukking gee soos deur logiese probleemoplossing, met jou hande werk of deur kunstige ondernemings soos skryf, musiek, drama of visuele kunste.

Jy is waarskynlik slim, kan vinnig dink en soek van nature na nuwe intellektuele uitdagings. Jy geniet dit om te dink en jy vind dit maklik om onderwerpe in diepte en breedte te analiseer.

Terwyl kreatiwiteit en verbeelding in baie situasies 'n sterk aanwins is, kan hulle oordryf word as daar nie praktiese stappe geneem word om die nuwe idees in werking te stel nie. Jy sukkel dalk om gefokus te bly en take wat jy begin het, te voltooi. Jy vergeet dalk van alledaagse, praktiese sake. Die byhou van 'n lys, die dissipline van by sperdatums hou en sterk toewyding aan rekenskap kan tot verhoogde effektiwiteit lei.

## 4. Introvert

jy geniet alleenwees meer as gereelde sosiale interaksie




### Loopbaanimplikasies

Gebaseer op jou telling op die **INTROVERT/EKSTROVERT** faktor sal jy meer geskik wees vir taakgeoriënteerde beroepe waar jy op een area kan fokus. Jy sal waarskynlik meer werksbevrediging ervaar wanneer jy met dinge, data of idees eerder as met mense werk. Soek na 'n werksomgewing wat jou die geleentheid bied om:

- **Stil en effektief te werk**
- **Gefokus te bly**
- **Alleen, of een-tot-een te werk**
- **Emosies te minimaliseer**
- **Sosiale verwagtinge te minimaliseer**
- **Feitelik te wees**

Jou telling op die INTROVERT/EKSTROVERT skaal dui daarop dat jy geneig is om teruggetrokke te wees. Jy verkies waarskynlik om met 'n paar goeie vriende te kuier eerder as om 'n funksie by te woon waar jy met nuwe mense praatjies moet maak. Jy kom waarskynlik in 'n groep as stil en teruggetrokke voor, eerder as luidrugtig en sonder inhibisie. Jy sien dalk eerder jou rol in 'n groepsopset as een wat die leiers ondersteun en help.


Een van jou sterkste punte is jou vermoë om gefokus te bly op die taak waarmee jy besig is. Jy is geneig om jou energie vir belangrike take te spaar eerder as om gelyktydig in verskillende rigtings te probeer gaan. Jy gebruik waarskynlik baie van jou energie om waar te neem, te dink en te luister sodat wanneer jy praat, jou woorde baie gewig dra.

Omdat jy 'n goeie luisteraar is, heg ander groot waarde aan jou vermoë om te hoor wat gesê word en dan op 'n praktiese manier te reageer. Jy neig tot 'n realistiese siening van mense en dinge eerder as om meegesleur te word deur die entoesiasme wat ander dikwels motiveer om emosionele, spontane besluite te neem.

Orpha, onthou dat 'n sterk punt wat oordryf word, gewoonlik 'n swak punt word. Jou teruggetrokke geaardheid kan 'n baie groot sterkte wees omdat dit jou in staat stel om gefokus en effektief te werk. Aan die ander kant moet jy besef dat die meeste van ons by die werk of by die huis deel is van 'n span. Die vermoë om met ander oor die weg te kom en te sosialiseer is noodsaaklik vir goeie kommunikasie en sukses. As jou goeie idees nie gedeel word nie, kan hulle nie gebruik word nie. Kyk na geleenthede waar jy en ander mense daarby kan baat as jy meer uitgaande is, en dwing jouself dan om betrokke te raak.

## 5. Versigtig / Avontuurlustig (Mid)

gemiddeld in jou dryfkrag en avontuurlustigheid; waag nie hoë risiko's nie




### Loopbaanimplikasies

Jou middeltelling op die **/VERSIGTIG/AVONTUURLUSTIG** faktor dui daarop dat jy 'n behoefte het aan avontuur sowel as sekuriteit in jou werk. In jou beroep, kyk na 'n matige vlak van:


- **Uitdaging**
- **Nuwe inisiatiewe**
- **Kompetisie**
- **Duidelike resultate**
- **Risko**
- **Die ongewone**

Jou telling op die VERSIGTIG/AVONTUURLUSTIG skaal weerspieël 'n balans tussen waagmoed en versigtigheid. Jy huiwer nie om nuwe areas te betree wanneer jy moet nie, maar hou waarskynlik daarvan om jou huiswerk te doen om seker te maak jy weet wat die risiko's is. Jy vind dit moontlik relatief maklik om by veranderinge aan te pas maar soek nie deurgaans daarna nie.

Net so is jy gemotiveerd om sukses te behaal, maar nie ten koste van alle ander prioriteite nie. Jy slaag waarskynlik daarin om 'n balans te handhaaf tussen ambisie en tyd, energie, geld en die omstandighede waar jy jou bevind.

## 6. Inskiklik / Dominant (Mid)

gemaklik om te lei of te volg en pas by die behoeftes van die situasie aan




### Loopbaanimplikasies

Gebaseer op jou middeltelling op die **INSKIKLIK/DOMINANT** faktor, sal jy wil seker maak dat jy die geleentheid het om leiding te gee in areas wat jy ken en waarvan jy baie weet. Verder, soek 'n matige vlak van:

- **Vryheid om jou mening te lug**
- **Onafhanklikheid**
- **Besluitnemingsgesag**
- **Bestuursgeleenthede**
- **Geleenthede om ander te beïnvloed**
- **Input into long-range plans**

Orpha, jou telling op die INSKIKLIK/DOMINANT skaal dui op balans in jou behoefte om te lei en te volg. Persone wat soos jy toets, kan 'n situasie korrek opsom en daarvolgens optree. As daar 'n sterk en goeie leier in 'n situasie na vore tree, is jy tevrede om onder die persoon te dien. Aan die ander kant, as daar nie 'n leier na vore tree nie, is jy gemaklik om leiding te neem.

Hierdie veelsydigheid, die vermoë om in verskillende omstandighede te lei of te volg, is 'n groot pluspunt. Sommige mense verkies om onder iemand anders se gesag te staan, terwyl ander weer van nature in beheer wil wees. God het jou met 'n gesindheid en 'n mate van vermoë en gemotiveerdheid geseën wat jou in staat stel om in albei situasies goed te vaar.

Die uitdaging waarvan jy bewus moet wees, is om 'n situasie verkeerd op te som, of dalk die omstandighede van een situasie blindelings op 'n ander van toepassing te maak. As jy die situasie reg lees, sal jy in staat wees om te onderskei wat jou rol moet wees.

## 1.3 Tipiese sterk punte

Orpha, die onderstaande sterk punte is tipies van mense met dieselfde tellings as jy. Kyk na beroepe wat jou sal toelaat om hierdie sterk punte ten beste te gebruik. Hoe beter jy in staat is om hierdie sterk punte by die werk te gebruik, hoe groter is jou kans op sukses en werksbevrediging. Soos vroeër genoem, moet jy jou uitslae met iemand bespreek wat jou goed ken om te bevestig of al die punte op jou van toepassing is.

- Leierskapgerig; hou tipies daarvan om ander te beïnvloed en in beheer te wees.
- Maak meer op logika staat as op emosie en entoesiasme.
- Praat bondig en gefokus.
- Goed daarmee om ander te bemoedig.
- Deernisvol en simpatiek teenoor ander.
- Aangename persoonlikheid; kom goed klaar met ander.
- Baie vasberade om doelwitte te bereik.
- Georganiseerd; hou daarvan om 'n plan of skedule te volg.
- Hou daarvan om deeglik en presies te wees; goed met detail.
- Sterk dryfkrag om te presteer en sukses te behaal; sien 'n geleentheid en gebruik dit.
- Skerpsinnig; kan abstrakte konsepte verstaan.
- Slim met probleemoplossing.
- Kreatief, verbeeldingryk en oorspronklik; goed met die uitdink van nuwe idees.


## 1.4 Tipiese uitdagings

Die onderstaande uitdagings is tipies van mense met dieselfde tellings as jy. Verbetering in hierdie areas sal jou help om beter te presteer. Aan die ander kant is dit ook belangrik om jou blootstelling in areas waarin jy nie sterk is nie, tot die minimum te beperk. Soos vroeër genoem, moet jy jou uitslae met iemand bespreek wat jou goed ken om te bevestig of al die punte op jou van toepassing is.

- Kan te veel aandring in 'n poging om resultate te kry.
- Kan as te ernstig en onentoesiasties oorkom.
- Vind oppervlakkige gesprekke met vreemdelinge spanningsvol.
- Vind dit moeilik om vir ander nee te sê.
- Kan ander te maklik vertrou en hulle toelaat om die situasie uit te buit.
- Kan gespanne raak as gevolg van konflik en hou nie van konfrontasie nie.
- Kan so betrokke raak by werk dat gesondheid, familie en ander se behoeftes verwaarloos word.
- Stadig om te verander; kan onbuigsaam wees.
- Kan onredelike verwagtings van self en ander hê.
- Is geneig om te veel op persoonlike doelwitte te fokus en mag dalk familie ter wille van sukses opoffer.
- Mag dalk 'n gesindheid van  meerderwaardigheid hê.
- Maklik verveeld met gevestigde prosedure.

## 1.5 Kritieke lewensfaktore

Hierdie afdeling verskaf insigte wat nuttig kan wees in die keuse van 'n loopbaan. Jou stresvlak, skuldrisiko en finansiële bestuur kan alles faktore wees wat jou beroepskeuse beïnvloed. Kennisname van hierdie areas kan jou help om beter besluite te maak.




### Stres

Jou telling op die STRES skaal dui daarop dat jy op die oomblik 'n mate van stres en spanning in jou lewe ervaar. Tipiese emosies wat jy dalk kan ervaar, kan wissel van 'n gevoel van ongemak en teleurstelling oor 'n tydelike terugslag tot 'n ernstige aanval van depressie.

Hou in gedagte dat hierdie toets net 'n algemene aanduiding van stres aandui en dat dit nie geskik is om enige sielkundige probleem te diagnoseer of behandel nie.

Ons moedig jou aan om jou resultate met 'n familielid, vriend of iemand wat jy vertrou te bespreek. So iemand kan jou help om die erns van die probleem vas te stel. As daar enige twyfel bestaan, stel ons voor dat jy met 'n professionele berader gesels wat 'n deeglike evaluering kan doen en jou kan help om hierdie emosies te hanteer.

### Skuld

Jou tellings dui daarop dat skuld nie vir jou 'n probleem is nie. Veels geluk met jou sukses om binne jou finansiële vermoëns te leef.

### Finansiële bestuur

Dit lyk asof jy volgens 'n goeie finansiële plan leef. Jy beheer waarskynlik jou uitgawes deur 'n begroting en gereelde spaarplan sowel as 'n beleggingsplan om vir onvoorsiene uitgawes in die toekoms voorsiening te maak.

# Vyf hoof algemene belangstellingsareas

Orpha, die ontdekking van jou algemene belangstellings is ‘n kritieke stap in die loopbaanbeplanningsproses. Die eenvoudige rede hiervoor is dat mense geneig is om te presteer wanneer hulle belangstel in die werk wat hulle doen! Wat vir een persoon sieldodend voorkom, is dalk vir ‘n ander wat van nature gemotiveer is om dit te doen, maklik en lekker. Jy sal gewoonlik werk waarin jy belangstel geniet, selfs al sluit dit take in wat jy onder ander omstandighede moeilik of vervelig sou vind.


As gevolg van die aard van jou belangstellings is dit moontlik dat jou stokperdjies of ontspanningsaktiwiteite die tellings onder Algemene Belangstellings beïnvloed het. Dit beteken dat jy dit in ag moet neem wanneer jy die afdeling vir Algemene Belangstellings interpreteer.

Byvoorbeeld, as jy fisieke fiksheid en sport geniet, kan "Sport en fiksheid" as 'n hoë loopbaangroep opduik. Aangesien so min individue egter professionele atlete word, moet jy die hoë telling sien vir wat dit waarskynlik is: iets wat jy geniet en vir ontspanning sal wil doen maar nie vir 'n loopbaan nie.

Aan die ander kant, Orpha, is dit waar dat jy moontlik meer suksesvol sal wees in areas waarvan jy baie hou. Iemand wat baie lief was vir boogskiet en die buitelewe het byvoorbeeld die topverkoper vir ‘n vooraanstaande boogvervaardiger geword. Net so ontwikkel baie mense se stokperdjies in suksesvolle sakeondernemings. Onthou, hoe meer jy geniet wat jy doen, hoe groter sal jou kans op werksbevrediging wees, en hoe laer jou werkstres.


Daar is verskeie maniere om loopbaanbelangstelling te kategoriseer. Hierdie verslag gebruik 21 loopbaanbelangstellingsgroepe wat in vyf groot areas opgedeel is. Die sirkelgrafiek hieronder illustreer die vyf areas en wys waar jou agt hoogste loopbaanbelangstellingsgroepe in elke area val. As jy minder as vyf groot loopbaanbelangstellingsareas het, beteken dit dat nie een van jou agt hoogste loopbaanbelangegroepe binne daardie area val nie. Meer besonderhede oor die uiteensetting binne die vyf hoofareas kan op die volgende bladsye gevind word.


**Belangrikste belangstellingsareas en loopbaangroepe**





## Vyf hoof algemene belangstellingsareas


As jy enige areas het met 0% in die grafiek hieronder, is dit omdat nie een van jou agt hoogste loopbaanbelangstellingsgroepe binne daardie area of areas val nie. Jy sal egter steeds daar interessante inligting oor jou belangstellings kry.







## 2.1 Agt hoogste loopbaangroepe

Jou loopbaangroepuitslae word deur drie komponente bepaal, naamlik Aktiwiteite, Beroepe en Opvoedkundige vakke. Hierdie belangstellings kan met werk of ontspanning verband hou, of met ontspanning of stokperdjies wat jy as basis vir 'n loopbaan gebruik. Aangesien die loopbaangroepe uit verskeie dele bestaan, kan jy vind dat een aktiwiteitsgroep vir jou baie belangrik is, maar ander komponente van die groep is dalk minder belangrik. Jou hoogste belangstelling sal gevolglik nie hoog wees op die lys loopbaangroepe nie. Byvoorbeeld, jy kan wiskunde geniet maar nie van finansies hou nie, so jou telling vir die loopbaangroepe Rekenkunde/Finansieel sal nie hoog wees nie.


Hier volg breedvoerige terugvoer oor die samestelling van jou loopbaangroeptellings. Jou tellings vir die aktiwiteite-, beroepe- en vakgebiedkomponente word vir elke belangstellingskategorie gegee.




Hierdie loopbaangroep sluit die beïnvloeding van ander in met die oog op persoonlike groei en/of probleemoplossing en die bestuur van geestesgesondheid. Hierdie veld sluit aktiwiteite in soos berading, mentorskap en lewensafrigting, toetsing, luister na en raad aan ander. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- ✔ **Skool-/Universiteitsberader**
- ✔ **Maatskaplike werker**
- ✔ **Psigiatriese tegnikus**
- ✔ **Huweliks-/Gesinsterapeut**
- ✔ **Rehabilitasie-/Afhanklikheidsberader**
- ✔ **Lewens-/Beroepsvoorligting**
- ✔ **Sielkundige/Psigiater**
- ✔ **Geestesgesondheidsberader**
- ✔ **Gedragsanalis**


Opleiding in hierdie veld vereis gewoonlik 'n universiteitsgraad en/of registrasie. Baie van hierdie beroepe vereis 'n meestersgraad of hoër kwalifikasie vir registrasie.




Hierdie loopbaangroep omvat 'n sterk begeerte om in 'n vreemde land te reis of te werk, mense van ander kulture te verstaan en met hulle te kommunikeer en/of in meer as een taal te kommunikeer. Hierdie veld sluit aktiwiteite in soos werkskepping in 'n inklusiewe en diverse omgewing, met mense van verskillende kulture saam te werk of 'n vreemde taal te onderrig. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- ✔ **Buitelandsedienswerker**
- ✔ **Lugwaardin**
- ✔ **Internasionale Besigheidsbestuurder**
- ✔ **Onderwyser in vreemde tale**
- ✔ **Diplomaat/Ambassadeur**
- ✔ **Amptenaar by die Verenigde Nasies**
- ✔ **Vertaler/Tolk**
- ✔ **Reisgids/Reisagent**
- ✔ **Oorsese joernalis/Buitelandse korrespondent**


Opleiding in hierdie veld kan kruiskulturele studies, antropologie, sosiologie, sielkunde, ekonomie, politieke wetenskap en/of tale insluit.




Hierdie loopbaangroep sluit besigheidsverwante aktiwiteite in soos bestuur, verkope en die bedryf van 'n besigheid. Daarby bevat dit ook die ontwikkeling en implementering van bemarkingstrategieë, die verkoop van 'n produk of diens, die insameling van geld vir nie-winsgewende ondernemings en liefdadigheidsorganisasies, en werwing van personeel. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- ✔ **Fondsinsamelings-/Ontwikkelingsbeampte**
- ✔ **Produk-/Handelsmerkbestuurder**
- ✔ **Verkoopsagent/Bemarkingsbestuurder**
- ✔ **Hoof Uitvoerende Beampte (Bestuurshoof)**
- ✔ **Besigheidseienaar/Entrepreneur**
- ✔ **Bestuurder - Kleinhandelwinkel/Hotel/ Restaurant/Vervaardiging**
- ✔ **Eiendomsagent/Makelaar**
- ✔ **Onafhanklike konsultant**
- ✔ **Bemarkingsverteenwoordiger, insluitend bemarking op sosiale media**


Onderrig in hierdie veld kan besigheidskursusse soos verkope en bemarking, databasisadministrasie, fondsinsameling en ontwikkeling, menslike hulpbronne en finansies insluit.




Hierdie loopbaangroep sluit vermaak en/of kommunikasie in deur artistieke talent en/of skriftelike of verbale kommunikasie vir inligting, inspirasie of vermaak. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- ✔ **Professionele sanger/danser/model**
- ✔ **Musikant/Musiekdirigent**
- ✔ **Kamerapersoon, Televisie, Video en Film**
- ✔ **Radio-/TV-/Potgooiaanbieder**
- ✔ **Oudio-/Videotegnici**
- ✔ **Nuusontleder, verslaggewer en joernalis**
- ✔ **Vervaardiger/Regisseur**
- ✔ **Akteur/Aktrise/Komediant**
- ✔ **Outeur (boek)/Skrywer (blog, webinhoud, sosiale media)**


Opleiding in hierdie veld kan skryf en kommunikasie, musiek, dans, beeldende kunste en/of ontwerp insluit.




Hierdie loopbaangroep sluit die bedien van ander in gasvryheidsbedrywe soos hotelle en restaurante in. Die veld sluit aktiwiteite in soos die verskaffing van kliëntediens, spyskaartbeplanning, spysenering, haarstilering, persoonlike sorg of tuisbestuur. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- **Kassier**
- **Kliëntediens/Portier**
- **Huishoudster (hotel, kommersieel, residensieel)**
- **Haar- of Grimeerstilis**
- **Kleremaker/Naaldwerkster**
- **Sjef/Spysenier/Voedseldiensbestuurder**
- **Geleentheidsbeplanner**
- **Kinderversorger**
- **Bejaardesorg (Ouetehuis, Rehabilitasie, Tuisgesondheid)**


Onderrig in hierdie veld kan gesin- en kindersorg, verbruikers- en voedselwetenskap, skoonheidskunde en kliëntediens insluit.




Hierdie loopbaangroep sluit idees in wat uiting vind in die skep van oorspronklike kuns. Hierdie veld bevat aktiwiteite soos teken, die ontwerp van voorwerpe deur grafiese kuns, binnenshuise beplanning en ontwerp, beeldhouwerk, en die ontwerp van teaterstelle en visuele effekte. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- **Grafiese ontwerper**
- **Modeontwerper**
- **Beeldhouer/Juwelier**
- **Digitale ontwerper**
- **Binnenshuise ontwerper**
- **Teaterstelontwerper**
- **Landskapargitek**
- **Kunstenaar**
- **Fotograaf**


Opleiding in hierdie veld kan kursusse in kuns, teken, kunsgeskiedenis, gerekenariseerde grafiese kuns, binnenshuise ontwerp, beeldhouwerk of fotografie insluit.




Hierdie loopbaangroep sluit in om met mense te werk en ander te help om nuwe vaardighede aan te leer of nuwe idees te bemeester. Hierdie veld sluit aktiwiteite in soos die verskaffing van onderrig op verskillende vakgebiede, die lei van opvoedkundige aktiwiteite, die ontwikkeling en/of voorbereiding van opvoedkundige materiaal (insluitend lesplanne), eksaminering, of toesig hou oor die skooladministrasie. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:

- **Handelsinstrukteur**
- **Hoër onderwys Administrateur**
- **Onderwys-/Klaskamerassistent**
- **Korporatiewe afrigter**
- **Professor**
- **Aanlyn kurrikulumontwerper (aanlyn of in die klas)**
- **Skoolhoof**
- **Onderwysspesialis**
- **Akademiese onderwyser/Tutor (Staat-, Privaat-, Tuisskool)**

Opleiding in hierdie veld vereis dikwels 'n universiteitsgraad, met sommige wat verdere opleiding benodig soos 'n meestersgraad in primêre, sekondêre of hoër onderwys.




Hierdie loopbaangroep sluit buitelug- en landbouaktiwiteite in soos boerdery, brouery of wynmaak, veeteelt, kommersiële visvang, installering en/of instandhouding van landskappe (insluitend landskapontwerp), en die studie, beskerming en bewaring van die omgewing. Mense wat werk in hierdie loopbaangroep geniet, is dikwels besorg oor die natuur, stel belang in diere, vee of plante, en geniet dit om buite te werk. Tipiese beroepe wat met hierdie loopbaangroep verbind word, sluit die volgende in:


- **Setperkbestuurder/Landskapbestuur**
- **Kommersiële visserman**
- **Boer - Voedselgewasse**
- **Landboutegnikus**
- **Wynmaker/Bierbrouer**
- **Bewaringsbestuur/Landboukundige/Bosbouer**
- **Tuinboukundige**
- **Bosboubestuurder/Wildbewaarder**
- **Boer (Diere, Vee)**

Opleiding in hierdie veld kan kursusse in landbou, bosbou en wildbewaringsdienste, tuinbou, of landskapbestuur insluit.


## 2.2 Gekombineerde uitslae

Die onderstaande tabelle bevat jou werklike gestandaardiseerde uitslae vir die aktiwiteite-, beroepe- en vakgroepe. Hierdie afdelings vorm die Algemene Belangstellingsvelde wat op die vorige paar bladsye verskyn het. Die grafiek dui op lae belangstelling (links), matige belangstelling (mid) en hoë belangstelling (regs). Neem in ag dat hierdie tellings met jou belangstellings verband hou sonder om jou ondervinding of vaardighede in ag te neem.


## Aktiwiteitsgroepe



## Loopbaangroepe



## Vakgebiedgroepe




## 2.3 Moontlike beroepe in jou hoogste loopbaangroepe


Orpha, jou agt hoogste loopbaangroepe soos op die vorige bladsye beskryf, verskaf algemene definisies vir breë beroepsgroepe waarin jy die meeste belangstelling toon. Sommige van die beskrywings en beroepe in die groepe mag nie vir jou aantreklik wees nie. Dit maak nie saak nie; neem net kennis van die punte waarvan jy nie hou nie en vermy daardie beroepe in jou verdere soektog. Die inligting in die ander afdelings van hierdie verslag en meegaande **Career Direct® Volgende Stappe** en **Career Direct® Hulpbronne** -afdelings sal jou in hierdie proses help.

### NEEM KENNIS VAN JOU LAAGSTE BELANGSTELLINGSGROEPE


Dis belangrik dat jy kennis neem van jou vier laagste belangstellingsgroepe. Hulle verskyn hieronder en kan verdere insig in jou loopbaanbelangstellings bied.





Ondersoek en voorkom misdade (insluitend kubermisdade), arresteer misdadigers, patrolleer gebiede  en reageer op alarms of noodwaarskuwings.




Installeer, herstel, werk met handgereedskap, bou, bedryf masjiene, diagnoseer meganiese probleme.




Deelname aan aktiwiteite is aksiebelaai en kan deur die gemiddelde persoon as waaghalsig en gevaarlik beskou word.




Behandel siek of beseerde diere, rig diere af, versorg diere, bestudeer dieregedrag.

Neem kennis: Loopbaan-/Algemene Belangstellings is nie dieselfde as vaardighede nie. Hulle weerspieël jou gemotiveerdheid ten opsigte van 'n loopbaanrigting maar nie jou vermoë om in daardie veld te werk nie. Die meeste mense se vermoëns ondersteun hulle belangstellings. Indien nie, probeer hulle gewoonlik hul vaardighede verbeter, of hulle kyk na 'n ander loopbaanarea. Iemand wat byvoorbeeld lief is vir sport maar nie goed genoeg daarin is om dit professioneel te beoefen nie, kan besluit om 'n atletiekafrigter of sportskeidsregter te word.

# Vaardighede is 'n sleutelmaatstaf in die kies van 'n loopbaan

## Vaardighede is 'n sleutelmaatstaf in die kies van 'n loopbaan


Orpha, dis belangrik dat jy jou vaardighede besef terwyl jy moontlike loopbaanvelde en beroepe ondersoek, en noodsaaklik dat jy jou werk by jou beste vaardighede laat aanpas sodat jy dit kan geniet om iets te doen waarin jy van nature goed is.

Daar is twee sleutelredes waarom jy op jou natuurlike sterk punte moet voortbou. As jy dit doen, sal dit jou eerstens help om jou volle potensiaal te bereik. As jy vanuit jou natuurlike sterk punte opereer, begin jy op 'n hoër vlak, leer jy vinniger en bereik jy meer met dieselfde hoeveelheid inspanning. Iemand kan byvoorbeeld vir jare oefen om te sing maar sal nooit 'n professionele sanger kan wees nie bloot omdat die natuurlike vaardighede om uit te blink, ontbreek.

Tweedens, dis lekkerder om vanuit jou natuurlike sterk punte te werk. Dis waar dat mense minder werkstres ervaar wanneer hulle iets doen waarin hulle goed is. Dit maak ook sin dat jy graag daardie vaardighede gebruik omdat hulle in die verlede deur ander erken, waardeer en beloën is. Jou selfvertroue sal toeneem as jy jou natuurlike vermoëns gebruik, wat weer tot meer sukses en vreugde in die toekoms sal lei.


Die kern van die saak is dat jy 'n groter kans het om goed te doen as jy die vermoëns gebruik wat natuurlik kom en wat jy geniet om te gebruik. Alhoewel jy jou uitdagings in ag moet neem, is dit oor die algemeen onproduktief om op hulle te fokus. Dis beter om in die area van vaardigheid en vermoë saam met die stroom te swem, eerder as stroom-op.

### Vaardighede en vermoëns





Neem kennis: Hierdie afdeling se vaardigheidsuitslae is die gevolg van jou selfevaluering, nie 'n vaardigheids- of aanlegtoets nie. Navorsing dui egter aan dat selfevaluering 'n akkurate oorsig van 'n persoon se vaardighede kan bied.


## 3.1 Vaardighede en vermoëns: Vier hoogste areas





Jy verstaan van nature hoe gedetailleerde prosedures en materiale akkuraat en in goeie orde gehou moet word om doeltreffendheid te verbeter. Jy is metodies, netjies en sistematies in jou benadering tot take en blink gewoonlik uit in administratiewe pligte wat behels dat inligting en voorrade op 'n ordelike wyse gesorteer en opgespoor word om die daaglikse bedrywighede van 'n kantoor of kliëntgerigte besigheid te bestuur. Beplanning en skedulering, ook die uitvoer van roetinetake, herhalende fyn motoriese werk en gehaltebeheer is aktiwiteite wat jy natuurlik doen terwyl jy met verskeie ander take besig is. Gebruik jou sterk punte ten beste deur loopbane te volg wat akkurate data-/voorraadbestuur, vinnige basiese wiskunde, duidelike kommunikasie, administratiewe ondersteuning of kliëntediens benodig, en wat vaardigheid vereis in die gebruik van kantoormasjiene of gespesialiseerde gereedskap.




Jy sosialiseer maklik omdat jy opreg in ander belangstel (bekende en nuwe mense) en 'n besondere vermoë het om 'n verskeidenheid mense te leer ken en hulle te ondersteun. As gevolg van hierdie natuurlike vermoë sal jy waarskynlik goed vaar in loopbane waar jy gereeld met mense te doen het. So kan jy munt slaan uit jou vermoë om effektief te kommunikeer, en sodoende geleenthede benut om ander as deel van jou werk te mentor, te beraad, te onderrig of iets aan hulle te verduidelik. Om hierdie vaardighede te benut, maak seker dat jy ander dien as deel van jou gereelde pligte.




As gevolg van jou analitiese vaardighede reageer jy goed op intellektuele uitdagings en is jy gemaklik met werksaktiwiteite wat navorsing, evaluering van inligting, die diagnoseer van probleme en abstrakte probleemoplossing insluit. Jy het 'n hoë mate van planmatigheid en presisie in jou denke. Jy geniet dit om met maak-en-breek-kwessies te werk en jou kritiese denke te gebruik om moontlike resultate te voorspel, wat dikwels nuwe idees of benaderings tot probleme tot gevolg het. Jy sal in geleenthede floreer waar jy met inligting werk waar situasies gemeet, bevestig en verduidelik kan word deur numeriese data (soos in finansies of finansiële beplanning), of waar jou insigte die lewens van ander direk kan verbeter deur wetenskaplike ontdekkings asook in baie ander beroepsvelde, insluitend die mediese veld.




Jy blink waarskynlik uit wanneer jy ander se aktiwiteite koördineer. Jy is suksesvol wanneer jy take delegeer, ander motiveer om saam te werk en sperdatums haal omdat mense geredelik op jou leiding reageer. Jy is goed met projekbestuur en kan elke fase van die werk navigeer om 'n ingewikkelde taak te voltooi. Jy kan jou behoefte om dinge vinnig af te handel versoen met jou vermoë om buigsaam te wees. Jy kan die opsies in 'n situasie blitssnel evalueer en sodoende by vinnigveranderende omgewings aanpas. Om hierdie vaardighede ten beste te benut, moet jy beroepe oorweeg wat inhou dat jy 'n onderneming begin of toesig hou oor mense en/of bedrywighede.

## 3.2 Vaardighede en vermoëns: Evalueer jou vaardighede

Kyk deeglik na jou hoogste vaardighede en ontleed hulle onderlinge verband. In watter mate is daar oorvleueling? Is daar ‘n algemene tema by jou vaardighede? Hou van jou vaardighede meer verband met areas wat jy as ‘n stokperdjie wil beoefen eerder as ‘n basis vir jou beroep? Indien wel, is daar maniere waarop daardie stokperdjievaardighede in jou werk gebruik kan word? Die Aksieplan wat jou verslag vergesel, sal jou deur hierdie en ander vrae begelei. Die voltooiing van die analise sal ‘n sleutelrol speel om die volle voordeel uit jou verslag te haal.


### ONTWIKKEL JOU VAARDIGHEDE

As jy op jou natuurlike sterk punte fokus, beteken dit nie dat opleiding, onderrig, harde werk en toewyding nie nodig is om jou vaardighede verder te ontwikkel nie. Inteendeel, die meeste suksesvolle mense het sukses bereik deur hulle werk toegewyd te doen. Dink aan ‘n professionele gholfspeler wat 'n natuurlike sportaanleg ontwikkel deur elke dag honderde balle te slaan, of ‘n pianis wat ure lank oefen om 'n natuurlike musiekaanleg ten volle te ontwikkel.

## MINIMALISEER DIE GEBRUIK VAN JOU LAAGSTE VAARDIGHEDE

Orpha, net soos met belangstellings, moet jy kennis neem van die vaardigheidsareas waarin jy die laagste getoets het. Hulle verskyn aan die onderkant van die Vaardighede en Vermoënsgrafiek. Areas met lae tellings kan insig gee oor jou loopbaanbelangstellings. Dis moontlik dat hierdie nie natuurlike sterk punte is nie, of dalk dat jy nie genoeg geleenthede gehad het om hulle te ontwikkel nie. Ongeag die rede, sal dit beter wees as jy nie beroepe volg wat swaar leun op jou laagste vaardighede nie, behalwe as jy eers meer opleiding kry.

## JOU VIER LAAGSTE VAARDIGHEIDSAREAS



# Waardes is belangrik in loopbaanbesluite

## Waardes is belangrik in loopbaanbesluite

Orpha, jy kan in ‘n loopbaanveld wees wat goed by jou beroepsbelangstellings, vaardighede en persoonlikheid pas, en tog geniet jy dit nie en ervaar jy werkstres en 'n gebrek aan werksbevrediging omdat dit nie by jou waardes pas nie. Baie mense geniet dit byvoorbeeld om in die buitelug te werk en sal nooit heeltemal gemaklik voel as hulle tot ‘n gebou beperk word nie. Ander wil weer graag mense direk in hulle werk help en sal nie tevrede voel as hulle op hul eie of met masjiene werk nie.

Baie mense dink hulle kan gelukkig wees in byna enige beroep, solank hulle genoeg geld maak. Hulle vind hulself egter dikwels ná ‘n paar jaar in hulle loopbaan onvervuld en uitgebrand. Die gebruik van waardes as ‘n maatstaf in loopbaankeuses kan baie van die teleurstelling en werkstres verhoed wat vandag in die werksplek te vinde is. Vergelyk jou waardevoorkeure met die manier waarop jy in werklikheid funksioneer. Hierdie afdeling oor waardes bestaan uit drie dele en is ontwerp om jou te help om die prioriteite en waardes te definieer wat rigting sal gee aan jou lewe en werk.


Verwag dat jou waardes sal verander; dis jou prioriteite en jy kan hulle enige tyd verander. Die meeste mense vind dat sommige van hulle waardes wel verander soos hulle ouer word en hulle gesinsopset verander. Dis ‘n goeie idee om hierdie verslag te bêre en in die toekoms weer af en toe daarna te kyk sodat jy dit kan bywerk en sien in watter mate jy by jou prioriteite bly.

## 4.1 Waardes: Werksomgewing

Omdat mense verskil, verkies of benodig hulle verskillende soorte omgewings in die werksplek om op hul beste te funksioneer. Die tipe opset wat hulle wil hê wanneer hulle werk toe gaan soos die fisiese omgewing, skedules of atmosfeer dra alles by. Sommige mense kan byvoorbeeld net floreer as hulle omgewing baie goed georganiseer is, terwyl ander dalk nie deur 'n bietjie ongeorganiseerdheid gepla word nie.

Dis belangrik dat jy die soort omgewing identifiseer waarvan jy hou of selfs nodig het om jou hoogste potensiaal te bereik. As jy dit verstaan, kan dit jou help om verskillende loopbaangeleenthede wat oor jou pad kom, te evalueer.

**JOU PRIORITEITE VIR DIE 12 ELEMENTE WAT MET WERKSOMGEWING VERBAND HOU**




**OORWEEG JOU VIER HOOGSTE WAARDES OM MOONTLIKE BEROEPE EN POSISIES TE EVALUEER**

### 1. Goed georganiseerd

Jy heg baie waarde aan 'n hoogs gestruktureerde en georganiseerde werksomgewing. Soek loopbane waar die werksomgewing orde, netheid en stelstelmatige prosesse bevorder.

### 2. Skoon omgewing

Kyk na beroepe waar jy nie vuil word of in 'n morsige omgewing met sterk reuke werk nie. Jy geniet 'n skoon, ordelike en higiëniese werksomgewing. In jou ideale werksituasie sal die omgewing en jou werksverpligtinge jou die hele dag in staat stel om skoon en netjies te bly.

### 3. Gelykheid

Jy hou daarvan om te werk waar mense billik en regverdig behandel word met betrekking tot ras, geslag, geloof, nasionaliteit en kultuur. Soek loopbaangeleenthede waar werkers op dieselfde vlak dieselfde betaal word en waar werksgeleenthede sonder bevooroordeling nagejaag kan word .

### 4. Fleksietyd


Dis vir jou baie belangrik om jou werkskedule rondom ander aktiwiteite te bestuur. Kyk na loopbaangeleenthede waar jy 'n mate van beheer oor jou werksure het en waar jy 'n buigsame werkskedule kan handhaaf.

## 4.2 Waardes: Werksuitkomste

Alhoewel die meeste mense verwag om deur hulle werk beloon te word, is dit belangrik om te besluit wat vir hulle die belangrikste is. Opleiding en 'n hoër inkomste gaan byvoorbeeld tot op 'n sekere vlak saam, maar daarna lei voortgesette opleiding nie noodwendig tot meer geld nie. Net so voel 'n mens nie juis veiliger as jy in 'n leiersposisie is nie. Of ons dit besef of nie, die meeste van ons moet moeilike keuses in hierdie area maak.

Dis baie belangrik om te besef dat prioriteite 'n persoonlike saak is. Een van die grootste foute wat mense by die kies van 'n loopbaan maak, is om iemand anders toe te laat om te veel inspraak te gee oor hulle werkswaardes. Jy het nou die geleentheid om hierdie kritieke area goed te deurdink en seker te maak jy weet wat regtig vir jou belangrik is.

**HIER VOLG JOU PRIORITEITE VIR DIE AGT UITKOMSTE WAT JY VAN JOU WERK VERWAG**




**DIE VOLGENDE UITKOMSTE IS VIR JOU DIE BELANGRIKSTE**

### 1. Sekuriteit

Jy wil seker maak dat jy 'n werk het wat vir 'n baie lang tyd nog gaan bestaan. Daar is nog beroepsgeleenthede wat 'n mate van sekuriteit inhou, maar hou in gedagte dat daardie beroepe al hoe minder word. Werksekuriteit hang nou baie meer af van jou vermoë om ter wille van 'n veranderende werksplek jou vaardighede deurgaans te verbeter.

### 2. Hoë inkomste

Dis vir jou belangrik om goeie finansiële vergoeding vir jou werk te ontvang. Jy glo dat 'n hoë inkomste 'n noodsaaklike faktor is om te voel jy is suksesvol.

### 3. Erkenning

Jy is bereid om hard te werk sodat ander jou sien as iemand wat suksesvol is. Dit motiveer jou as ander jou sukses erken; analiseer dus moontlike beroepe baie versigtig om seker te maak dat daar 'n duidelik gedefinieerde vergoedingstelsel is.

### 4. Loopbaanvordering


Jy stel belang in beroepe waar bevordering van een posisie na 'n ander duidelik gedefinieer word en waar jy in die organisasie kan vorder deur uitbreiding van jou verantwoordelikheid en gesag. Soek 'n werksopset met geleenthede om as professionele persoon te groei en te ontwikkel.

## 4.3 Waardes: Lewenswaardes

Hierdie area is belangrik in loopbaanbeplanning omdat baie mense dit moeilik vind om hulle leefwyse met hul lewenswaardes te versoen. Die vinnige ritme en ingewikkeldheid van die lewe in ons tyd en die stres wat uit finansiële verpligtinge voortspruit, laat baie mense voel hulle enigste keuse is om net elke dag vas te byt en aan te gaan.

Ondervinding wys egter dat mense wat hulle lewensdoel of roeping goed deurdink en dan loopbaanbesluite neem wat tot daardie doel bydra, besondere vrede en vervulling in hulle werk ervaar. Jou vier hoogste items wat met jou lewensdoel verband hou, verskyn hierna.

**JY HET NEGE ITEMS GEPRIORITISEER WAT MET LEWENSDOEL VERBAND HOU**




**JOU VIER HOOGSTE PRIORITEITE VERSKYN HIERONDER**

### 1. Integriteit

Eerlikheid in elke area van die lewe is vir jou 'n sleutelwaarde. Jy doen jou bes om jou beloftes na te kom en leef volgens die hoogste standaarde van regverdigheid en waarheid. Om seker te maak dat jy nie gevra word om jou integriteit te verloën nie, moet jy die werksomgewing, leierskap, produkte en dienste van enige werkgewer wat jy oorweeg, baie versigtig evalueer.

### 2. Geloof

Jy het aangedui dat jou lewensdoel insluit dat jy God dien in alles wat jy doen. Dit sal vir jou baie belangrik wees om te sien hoe jou werk tot daardie doel bydra. Onthou dat alle beroepe die geleentheid bied om Hom te dien. Vriendelikheid en 'n toewyding aan uitnemendheid kan ander in die werksplek aantrek.

### 3. Familie

Jy heg hoë waarde aan jou gesin/familie en wil beskikbaar wees wanneer hulle jou nodig het. Dis vir jou baie belangrik om beskikbaar en betrokke te wees in hulle aktiwiteite. Voldoende kwaliteit tyd met jou gesin/familie is vir jou belangrik en moet in ag geneem word in die loopbaankeuses wat jy maak.

### 4. Vriende

Die vestiging en instandhouding van vriendskappe is 'n belangrike deel van jou lewe. Jy geniet die bou en ontwikkeling van nuwe vriendskappe en om met goeie vriende tyd te spandeer en hulle te help wanneer hulle jou nodig het. Jy heg hoë waarde aan 'n leefstyl met genoeg tyd weg van jou verantwoordelikhede sodat jy met vriende en kennisse kan kuier.

## VIND DIE REGTE BALANS IN JOU WAARDES

Niemand is volmaak nie. Superman en Supervrou bestaan nie, en jy sal nooit in staat wees om alles te doen op die vlak wat jy graag wil nie. Ons moet almal 'n balans in die lewe handhaaf. As jy jou prioriteite in ag neem, sal jy 'n gemaklike balans kan vind in die gebruik van jou tyd, energie en finansiële bronne. As jy voortdurend jou prioriteitslyste in ag neem, sal dit jou help om jou lewensdoel te bereik.

## VERWAG DAT JOU WAARDES SAL VERANDER

Dis jou prioriteite en jy kan hulle enige tyd verander as jy wil. Die meeste mense vind dat hulle van hulle waardes verander soos hulle ouer word en hul gesinsopset verander. Dis 'n goeie idee om hierdie verslag te bêre en in die toekoms weer af en toe daarna te kyk sodat jy dit kan bywerk en sien in watter mate jy by jou prioriteite bly.

## WAT DOEN EK VOLGENDE?

Vergelyk hierdie fases in jou loopbaanontwikkeling met 'n gesin wat op pad na hulle vakansiebestemming deur die land reis. Daar is twee duidelike fases: die eerste bestaan uit die nodige navorsing en beplanning om die vakansie te geniet. Die tweede fase is om in die motor te klim, in trurat uit die oprit te ry en die reis te begin.


Die deurlees van jou CAREER DIRECT verslag is vergelykbaar met die kyk na 'n padkaart in die eerste fase waar jy nog die rit beplan. Dit gee jou 'n idee van die algemene rigting tot by jou bestemming, saam met 'n paar alternatiewe roetes om daar te kom. Dit sal jou egter nie by jou bestemming bring nie, net soos die blote deurlees van hierdie verslag jou nie by 'n geskikte loopbaan sal uitbring nie.

Jy bevind jouself nou by fase twee. Dis tyd dat jy in die bestuurdersitplek klim en jou loopbaanreis begin. Jou eerste stap is om jou inligting na planne en besluite oor te skakel wat jou aan die gang sal kry. Die Aksieplan sal jou help om tot hierdie sleutelstap oor te gaan. Dis 'n gids wat jou kan help om alles wat jy oor jou werksprofiel geleer het, bymekaar te bring en daarop te reageer. Dis noodsaaklik om dit deeglik te bestudeer omdat dit jou sal help om jou profiel by verskeie beroepe en opleidingsprogramme te laat pas.


Onthou bowenal dat die eintlike doel in loopbaanbeplanning is om jou talente en belangstellings by jou werksvereistes te laat pas. As jy dit doen, sal jy die beste kans hê om 'n bestemming en loopbaan te bereik wat by jou pas.

# Opsommingsgrafieke

## 1.1 Ses persoonlikheidsfaktore





## 1.2 JOU PERSOONLIKHEIDSFAKTORE EN SUBFAKTORE




## 1.3 PERSOONLIKHEID: OPSOMMING

**Gestruktureerd** - akkuraat, georganiseerd en voorbereid; volg van nature die reëls omdat jy van struktuur en voorspelbaarheid hou
**Medelyend** - medelydend, sensitief en 'n goeie luisteraar; geduldig, lojaal en goed daarmee om ander te ondersteun en te bemoedig
**Innoverend** - baie kreatief; hou daarvan om nuwe idees uit te dink en daaraan uitdrukking te gee; soek intellektuele uitdagings
**Introvert** - jy geniet alleenwees meer as gereelde sosiale interaksie
**Versigtig / Avontuurlustig (Mid)** - gemiddeld in jou dryfkrag en avontuurlustigheid; waag nie hoë risiko's nie
**Inskiklik / Dominant (Mid)** - gemaklik om te lei of te volg en pas by die behoeftes van die situasie aan


## 1.4 Kritieke lewensfaktore




## 2.1 Algemene Belangstellings



## 2.2 Agt hoogste loopbaangroepe volgens elke belangstellingsarea





**Invloed uitoefen (57%)**
1. Berading/Geestesgesondheid
2. Kruiskulturele verhoudings
3. Bestuur/Verkope
7. Onderwys

**Uitdrukking gee (24%)**
4. Optrede/Kommunikasie
6. Kuns en ontwerp


**Hulpverlening (12%)**
5. Gasvryheid/Kliëntediens

**Doen (7%)**
8. Landbou/Omgewingsbewustheid


## 3.1 Vaardighede en vermoëns



## Vier hoogste geïntegreerde waardeprioriteite




## Kern lewensbeplanningswaardes



# Career Direct – Volgende Stappe

Veels geluk met die voltooiing van jou Career Direct-toets en deurwerk van jou Volledige Verslag!

Basiese beginsels noodsaaklik vir wyse besluitneming

- Om jou ontwerp met jou loopbaan te belyn, is 'n lewenslange reis wat voortdurend ontvou. Moenie na jou lewenswerk kyk as 'n reeks transaksionele gebeurtenisse nie, soos om net vir 'n salaris te werk. Daar is soveel meer daaraan as dit!
- Jou unieke ontwerp is bedoel om ten volle aanvaar en gevier te word, en om dit te verstaan is van kardinale belang om jou lewensopdrag te ontdek. Dit sal tot sukses, vervulling, wyse besluitneming en selfs gesonder verhoudings lei!
- Getrouheid en volharding is 'n belegging wanneer jy jou Volledige Verslag verder bestudeer.
- Doen navorsing oor moontlike loopbaankeuses.
- Onthou, die enigste basis vir 'n wyse loopbaankeuse is een wat jou ontwerp erken en daarby pas.
  - Maak seker dat die loopbaan wat jy kies vier-uit-vier by jou ontwerp pas (Persoonlikheid, Belangstellings, Vaardighede en Waardes).
  - Neem 'n besluit wat jou individualiteit erken en respekteer.
    - Jy kan maklik koers verloor as jy 'n werk kies alleenlik of hoofsaaklik vir een van die volgende redes:
      - Dis die maklikste of eerste werk wat jou aangebied word.
      - Dit sal jou die inkomste gee wat jy wil hê.
      - Dit sal jou die werkstitel of status gee wat jy wil hê.
      - Dit bied sekuriteit, mag en beheer.
      - Jy kan saam met jou vriende werk.
      - Dis een van die "Gesogte Poste".
      - Jy kan in 'n ouer se voetspore volg en/of hulle drome verwesenlik.
      - Jy kan die werk doen (maar hou nie eintlik daarvan nie).

**Nie een van hierdie behoort 'n primêre rede te wees om een werk of loopbaan bo 'n ander te kies nie. Onthou, jy wil die opsie kies wat by al vier dimensies van jou ontwerp pas. Alle ander oorwegings is sekondêr.**

STAP 1:

- As jy nie 'n Career Direct konsultant het nie, is dit ideaal dat jy kontak maak met een! Ja, jy kan die hulp van 'n afrigter of mentor inroep om jou Volledige Verslag saam met jou deur te gaan. Hulle kennis om die verslag ten beste te benut is egter beperk. Hulle kan maklik temas, balanseerders en verbindings miskyk en is nie opgelei in ons gespesialiseerder integrasieproses nie. Jy is die belegging werd! Skakeling met 'n konsultant sal jou in staat stel om die meeste uit jou verslag te haal. Hulle kan jou wys hoe om hierdie 'n lewenslange hulpmiddel te maak. As jy gereed is om die beste opsie te kies, kontak nou 'n Career Direct konsultant!

STAP 2:

- Hersien WEER (en weer en weer) jou toetsuitslae in jou *Career Direct*® Volledige Verslag.
- Neem kennis van die inligting in jou verslag wat lyk of dit <u>nie</u> op jou van toepassing is nie. As jy van iets verskil, vra jou konsultant of mentor of hulle saamstem. Indien wel, haal die items deur wat nie van toepassing is nie.
- Onderstreep die sleutelpunte in die verslag waarop jy en/of jou konsultant in die verslag gefokus het, of merk hulle met 'n glimpen.
- Skryf die belangrikste loopbaanaanbevelings van jou konsultant neer. As jy nie 'n Career Direct konsultasie gehad het nie, sal jy nie hierdie aanbevelings hê nie.

STAP 3:

- Kliek op die gewenste of voorgestelde loopbaanskakels in jou agt hoogste belangstellingsgroepe hieronder, en gaan voort met jou navorsing. (Let wel:  Afgesien van aanlynnavorsing is daar ander maniere om inligting te verkry wat jou kan help om te weet of jy 'n beroepsgeleentheid verder moet ondersoek.) Onthou, jy wil moontlike loopbaanvelde by jou persoonlikheid, belangstellings, vaardighede/vermoëns en waardes laat pas. Dis reg, jy wil AL VIER dimensies van jou ontwerp belyn. Kyk ook na ander loopbane; jy is nie net beperk tot die skakels hieronder nie. Onthou net, elke loopbaan vereis 'n spesifieke samestelling van persoonlikheid, belangstellings, vaardighede en waardes om suksesvol te wees. Vir sukses en bevrediging moet die loopbaan wat jy kies met AL VIER dimensies van jou ontwerp ooreenstem. Een manier om die nodige inligting oor persoonlikheid, belangstellings, vaardighede en waardes met betrekking tot verskillende loopbane te kry, is om op die Werksdetailskakels op die volgende bladsy(e) te kliek.

## Agt hoogste belangstellingsgroepe
## Werksdetailskakels

1. Berading/Geestesgesondheid

| | | |
|---|---|---|
| Skool-/Universiteitsberader | Huweliks-/Gesinsterapeut | Sielkundige/Psigiater |
| Maatskaplike werker | Rehabilitasie-/Afhanklikheidsberader | Geestesgesondheidsberader |
| Psigiatriese tegnikus | Lewens-/Beroepsvoorligting | Gedragsanalis |

2. Kruiskulturele verhoudings

| | | |
|---|---|---|
| Buitelandsedienswerker | Onderwyser in vreemde tale | Vertaler/Tolk |
| Lugwaardin | Diplomaat/Ambassadeur | Reisgids/Reisagent |
| Internasionale Besigheidsbestuurder | Amptenaar by die Verenigde Nasies | Oorsese joernalis/Buitelandse korrespondent |

3. Bestuur/Verkope

| | | |
|---|---|---|
| Fondsinsamelings-/Ontwikkelingsbeampte | Hoof Uitvoerende Beampte (Bestuurshoof) | Eiendomsagent/Makelaar |
| Produk-/Handelsmerkbestuurder | Besigheidseienaar/Entrepreneur | Onafhanklike konsultant |
| Verkoopsagent/Bemarkingsbestuurder | Bestuurder - Kleinhandelwinkel/Hotel/ Restaurant/Vervaardiging | Bemarkingsverteenwoordiger, insluitend bemarking op sosiale media |

4. Optrede/Kommunikasie

| | | |
|---|---|---|
| Professionele sanger/danser/model | Radio-/TV-/Potgooiaanbieder | Vervaardiger/Regisseur |
| Musikant/Musiekdirigent | Oudio-/Videotegnici | Akteur/Aktrise/Komediant |
| Kamerapersoon, Televisie, Video en Film | Nuusontleder, verslaggewer en joernalis | Outeur (boek)/Skrywer (blog, webinhoud, sosiale media) |

5. Gasvryheid/Kliëntediens

| | | |
|---|---|---|
| Kassier | Haar- of Grimeerstilis | Geleentheidsbeplanner |
| Kliëntediens/Portier | Kleremaker/Naaldwerkster | Kinderversorger |
| Huishoudster (hotel, kommersieel, residensieel) | Sjef/Spysenier/Voedseldiensbestuurder | Bejaardesorg (Ouetehuis, Rehabilitasie, Tuisgesondheid) |

6. Kuns en ontwerp

| | | |
|---|---|---|
| Grafiese ontwerper | Digitale ontwerper | Landskapargitek |
| Modeontwerper | Binnenshuise ontwerper | Kunstenaar |
| Beeldhouer/Juwelier | Teaterstelontwerper | Fotograaf |

7. Onderwys

| | | |
|---|---|---|
| Handelsinstrukteur | Korporatiewe afrigter | Skoolhoof |
| Hoër onderwys Administrateur | Professor | Onderwysspesialis |
| Onderwys-/Klaskamerassistent | Aanlyn kurrikulumontwerper (aanlyn of in die klas) | Akademiese onderwyser/Tutor (Staat-, Privaat-, Tuisskool) |

8. Landbou/Omgewingsbewustheid

| | | |
|---|---|---|
| Setperkbestuurder/Landskapbestuur | Landboutegnikus | Tuinboukundige |
| Kommersiële visserman | Wynmaker/Bierbrouer | Bosboubestuurder/Wildbewaarder |
| Boer - Voedselgewasse | Bewaringsbestuur/Landboukundige/Bosbouer | Boer (Diere, Vee) |

STAP 4:

- Gebruik die sleutelinligting wat jy in jou Volledige Verslag en uit jou navorsing gekry het om die Aksieplan Werkkaart te voltooi. Hierdie stap is van kritieke belang om die Volgende Stappe-afdeling te voltooi! As jy die hulp van 'n Crown-opgeleide Career Direct konsultant gebruik het, gaan na jou profiel om toegang tot jou persoonlik-aangepaste Interaktiewe Aksieplan te verkry. (Dis nog 'n goeie rede om met 'n konsultant te skakel!)
- Dink aan die volgende vrae soos jy deur die Aksieplan werk:
  - Wat is jou unieke sterktes en motiverings wat jou in staat sal stel om in die werksplek te presteer?
  - Wat is jou patroon van individuele, werksverwante eienskappe?
  - Wat is die loopbaanvelde en spesifieke beroepe waarin jy die meeste belangstel?
  - Volgens jou navorsing, wat is die belangrike vereistes en eienskappe van hierdie beroepe?
  - Watter loopbaanvelde en beroepe pas die beste by jou unieke ontwerp?
  - Wat gaan jy doen om hierdie beroepsmoontlikhede wat by jou pas, na te jaag?
    - Skaduwerk?
    - As vrywilliger?
    - In 'n internskap?
    - Met mense in die spesifieke beroep gesels?

STAP 5:

- Soek deurgaans wyse raad van betroubare, ervare individue. Dis baie waardevol om met mense te gesels in die velde wat ooreenstem met jou ontwerp. Soek net geleenthede in daardie areas wat met jou kombinasie persoonlikheid, belangstellings, vaardighede en waardes ooreenstem.
  Jou loopbaanreis sal nie stagneer nie. Jy kan sukses en tevredenheid in die toekoms ervaar, of die teenoorgestelde. Daar kan opwindende geleenthede vir jou oopgaan, of dalk maak hulle jou 'n bietjie bang omdat hulle jou uitdaag en jou laat groei! Hoe ook al, dit maak nie saak nie. Hersien gereeld jou Volledige Verslag en herinner jouself aan jou besondere ontwerp. Dit sal jou help om te evalueer hoe goed jou huidige of voornemende werksituasie strook met wie jy is en wat jy bedoel is om met jou lewe te doen. Dis die beste manier om insig en wysheid te bekom en 'n vervulde lewe te lei.